




Ons Storiëwa

Omnibus van GGSA Vaaldriehoek

Uitgawe 4 Jaargang 4

Brokkies Hennie Steyn	1	Die nie-verpligte moontlike temas vir ons 2015 uitgawe was: die 'sturm-und-drang'-jare; katekwaad en kaskenades; verlief-verloof-verlore.
Pa is Oorlog-toe Frans Deyssel	4	Wat ek in gedagte gehad het is die stories en familielegendes oor ons en ons ouers en grootouers se tienertyd en jong volwasse lewe as beginpunt. Onthou dat genealogie nie net bestaan uit lyste name en datums nie. Dis net een deel daarvan. Die ander deel van 'n mens se familiegeskiedenis is die mense se stories , insluitende jou eie storie wat vir jou nasate (en ander navorsers) eendag van groot waarde sal wees.
Stories vir Oupa Kobie Stroh	6	Voorbeeld: My ouers se wittebrood. My ma het die eerste aand van hul verblyf in hul Shelley Beach losieshuis vir my pa baie beïndruk deur sy tandeborsel met tandepasta vir hom reg te sit (Dis grênd! het hy gedink. So moet 'n vrou vir haar man sorg!) – maar toe hy dit in sy mond steek, is daar skeerroom op!
Stories uit my jong jare Sampie Orton	10	Hulle moes hul wittebrood kortknip om my ouma se begrafnis by te woon. Toe ek by 'n ander navorser 'n stamboom ontvang wat my ouma se sterfdatum in Februarie aandui, het ek geweet dat daar 'n fout is. My ouers is middel-Desember getroud. Pa was 'n staatsamptenaar, Ma was onderwyseres – hulle kon onmoontlik so 'n lang wittebrood bekostig het! Toe gaan snuffel ek. Ek kry 'n verjaarsdagboekie wat aan 'n tante behoort het, en daarin het sy haar ma se sterfdatum aangeteken. Ek het dit inge-'scan' en aan die navorser gestuur saam met my verduideliking. Hy het toe aanvaar dat sy datum foutief moet wees. My familiestorie het bygedra tot 'n stamboom-regstelling. So kan die twee saamwerk.
Stories discovered Germaine Smith	14	Julle het vanjaar jul gedagtes laat gaan, en ons het 'n mooi bundel bymekaar. Welgedaan, almal wat aan hierdie erfstuk bygedra het. Op die bladsy van 'n facebook groep het ek die volgende raakgelop:
Die liefde van my lewe Renier Feldtmann	17	<i>Genealogy is not a service to the past generations; it is a service to the coming generations.</i>
Tienerbruid Erna Buber-deVilliers	20	
Lekker ou laerskooldae Pottie Potgieter	22	

Erna 2015.10.13



Brokkies

Hendrik Schalk Steyn

Ek gaan hierdie keer 'n paar items uit my versameling van interessantheide met julle deel.

Begravnis lys
Klipfontein 25 Junie, 1937.
 Dit het die Heer behaag om van
 ons weg te ~~gaan~~ roep op die 24^{de}
 deses na sy ewige rus ons
 geliefde Eggenoot en Vader
 Pieter Daniel Janse van Rensburg
 in die ouderdom van 63 jaar
 11 maande en 9 dae na 'n siekbed
 van 5 weke en 'n gelukkige
 egverbintenis van 32 jaar.
 Die dood is vir ons swaar maar
 deur die stille roepstem van God wil
 ons swyg en die hande op ons
 monde lê deur te lê, wat God
 doen is goed en sal ons swyg,
 met die braag Heer gee aan ons
 krag om dit met geduld te dra.
 Die diep bedroefde eggenote en
 kinders.

J. A. D. van Rensburg gebore van der Westhuizen
 J. J. H. Neethling
 J. H. H. Neethling gebore Janse van Rensburg
 J. J. van Rensburg
 J. A. Steyn
 A. M. Steyn gebore Janse van Rensburg
 Hier volg die name van draers,
 bloedverwante en vriende.

Ek is gebore op 21 April 1939. Toe ek tot my verstand
 gekom het was ek een van twee kinders, 'n ouer suster en
 ekke. Ons het by my ouma op die plaas Klipfontein gebly
 in die Leslie distrik (destyds Transvaal). My oupa, my
 moeder se vader, Pieter Daniel JANSE VAN RENSBURG,
 het ek nooit geken nie, want hy is amper twee jaar voor
 my geboorte oorlede, op 24 Junie 1937.

Meeste mense wat daardie dae gesterf het is op hul plase
 begrawe. Die kis het onder 'n ossewatent gestaan nadat
 die lyk voorberei is, en op die dag van die begrafnis is die
 diens in die waenhuis gehou.

Wat besonders was is dat begrafnisbriewe, soos ons dit
 vandag ken, nie bestaan het nie. Destyd is 'n sogenaamde
 begrafnislys deur die koster van die kerk uitgeskryf, en hy
 het almal wat teenwoordig was se name aangeteken,
 hoofsaaklik omdat mense destyds nie almal self kon skryf
 of lees nie.

Oupa se begrafnislys is hier langsaan. Ek het die tweede
 deel daarvan weggelaat om spasie te bespaar.

Toe ek 'n outjie van so tien jaar oud was, kry ek eendag
 'n groot verrassing:
 'n posstuk aan my **persoonlik** geadresseer!




Dit was 'n pragtige uitnodiging om op 16 Desember 1949 die opening van die Voortrekkermonument by te woon



Agterop was 'n mooi kaart van Suid-Afrika wat wys hoe om daar te kom uit alle uithoeke van die land



Rondom daardie tyd was die Ossewabrandwag nog bedrywig. Die volgende item wat ek julle wil wys is 'n kerskaartjie wat my ouers ontvang het. Dis gestuur deur my pa se suster en haar man, Oom Kootjie BIERMAN



Ek dra my oupa se naam: Hendrik Schalk STEYN. Hy is gebore op 5 Oktober 1886, en die aantekening bo-aan hierdie bladsy uit een van sy skoolboeke sê hy het so mooi geskryf toe hy omtrent sewe jaar oud was, in 1903. Ek is baie bly dat 'n paar bladsye van sy skoonskrif in my besit is.

Hoeveel mense het nog dokumente wat so oud is?

Hoog-Hollands was in Oupa Steyn se tyd in gebruik. Ons het toe ek klein was nog so 'n Bybel in die huis saans vir huisgodsdienst gebruik.

Ek het al die inentingsertifikate van my ma se vier oudste kinders. My ouer suster s'n se datum 30 November 1937.

Die dokument langsaan bewys dat ek op 23 September 1942 teen 'Kinderpokke' ingeënt is. Ek was toe drie jaar oud. Ek weet nie hoe ek my gedra het toe hulle dit aan my gedoen het nie.

Ons het gedurende die oorlogsjare met 'n perdekar oor die weg gekom. My vader het te perd gery en die res van ons was saam op die kar: kinders, Ma aan die leisels en Ouma langs haar.

Pa het die hekke oopgemaak weer toegemaak as ons deur is, sommerso te perd.

Ons moes deur talle driffies ry wat vir ons kinders na reuse strome gelyk het, en ons was bevrees ons gaan verdrink.

Ek het tóe al 'n liefde vir ysters gehad, en terwyl ons by bure kuier, of by ons oupa of 'n oom, laai ek net skrotysters op die perdekar. Pa gooi die goed weer af en dan grens ek. Ma sê dan, "Ag, moenie die kind se ysters afgooi nie!" So word ek dan die eienaar van al wat yster op die plaas is.

My pa kon dikwils my skrot goed gebruik vir nuwe onderdele as sy toerusting breek... maar kry ek 'n dankie? Hy sê niks.

Toe ek hoërskool toe is, beland ek vanselfsprekend in die Tegniese Kollege.

Op 8 Januarie 1956 begin ek 'n vakleerlingskap by Vanderbijlpark se Yster en Staal Korporasie (YSKOR). Later in my lewe het ek reuse enjins vir die korporasie in stand gehou. Die grap is dat my pa nooit wou toelaat dat ek aan sy motor werk nie. Hy het my steeds gesien as 'n kind – en wat weet 'n kind nou van karre af? Nee, die kar se enjin word net deur die agentskap op die dorp gediens.

Fluit-fluit, my storie is vir eers uit, tot ons volgende wa se wiele rol.

514-11/12/43-100,000 2c 169 (Gesondheid)

UNION OF SOUTH AFRICA.
UNIE VAN SUID-AFRIKA.

DEPARTMENT OF PUBLIC HEALTH.
DEPARTEMENT VAN VOLKSGESONDHEID.

Certificate of Vaccination against Smallpox.
Sertifikaat van Inenting teen Kinderpokkies.

(Sections 92 and 95, Act No. 36, 1919.)
(Artikels 92 en 95, Wet No. 36, 1919.)

I CERTIFY THAT:—
EK SERTIFISEER DAT:—

Full Name } Hendrick Schalk Steyn
Volle naam }
Race } European } male
Geslag }
Date of Birth } 21/4/39 } 19...
Datum van geboorte } Geboorteplek } Beaufort West
Full present Address } 70m Klipfontein 602 48 Lishu
Volledige teenwoordige adres }
District } Beaufort West
Distrik }

In the case of a Child:—
In geval van 'n kind:—

Full name of Parent or Guardian } J. H. Steyn
Volle naam van ouer of voogd } 602 48 Lishu Klipfontein
Address of Parent or Guardian } Klipfontein
Adres van ouer of voogd }
District } Beaufort West
Distrik }

School attended (if any) } no
Skool besoek }

has been:—
hê been:—

(a) Successfully vaccinated by me.
Met goeie gevolg deur my ingeënt is.

(b) Three times unsuccessfully vaccinated by me, at intervals of one month, and is, in my opinion, not susceptible to vaccination.
Drie keer, met tussenpoe van een maand, deur my sonder gevolg ingeënt is, en volgens my meening is onvatbaar vir inenting.

(c) Examined by me and is suffering from smallpox.
Daarom word inenting uitgestel tot...

(d) Examined by me and found to have suffered from Smallpox.
Doe my ondersoek is en dat dit blyk dat hy/sy kinderpokkies gehad het.

Date } 23rd Sept. 1942
Datum }

* Public Vaccination Officer
* ~~Public~~ District Geneesheer
* Medical Practitioner/Geneesheer

* Strike out the words which do not apply.
Skrap die woorde wat nie van toepassing is nie.


† Medical Practitioners may postpone vaccination for any period not exceeding three months, and a like certificate may be issued. In special cases where some CHRONIC COMPLAINT OR DISABILITY necessitates postponement for a further period of three months, details of such complaint or disability should be furnished. In besondere gevalle waar 'n KRONIESE ONGESTELDHEID OF GEBREK vereis, moet besonderhede van sodanige ongesteldheid of gebrek verskrek word.





Pa is Oorlog-toe (deel 1)

Frans Deysel



Hierdie 'sakboekie' het aan my pa behoort, en het die hele ding aan die gang gesit. Ek is nog besig met navorsing oor al die plekke en name wat hy daarin aangeteken het, so tussen die Bybelversies wat daarin gedruk is. Op die omslag staan 'Christmas 1942', met prentjies van engeltjies daaromheen. Ek neem aan dit was 'n kersgekenk aan krygsgevangenes wat deur die Britte aan hulle manne in die kampe gestuur is.

Op 'n ander bladsy staan daar 'n naam en 'n adres: WW Steyn, Silberbank, Greylingstad. Toe ek op 'n slag in die omgewing was, het ek die plaas opgesoek, en die persoon het my verwys na die ouetehuis op Balfour, waar ek toe die ou man gaan sien het. Hy het my 'n storietjie oor my pa vertel:

"Ja, kyk, Josua was 'n onskuldige plaasseun, en nog ongetroud. Ons ander manne was almal getroud, en toe ons so eenkeer oor vrouens in die algemeen praat, gesels ons ook oor sogenaamde 'slegte vrouens'. Daarvan wou Josua gladnie hoor nie. Volgens hom was daar nie so iets nie. Toe het ons hom een aand gevat en gaan wys."

Pa Josua Emmanuel DEYSEL is op die plaas Vlakfontein naby Frankfort op 27 Oktober 1906 gebore en daar getooi. Hy het saam met sy pa en broer geboer voor hy op 35, nog 'n jongesels, oorlog-toe is.



Pa voor hy oorlog-toe is.

Ek is baie dankbaar dat hy maar min aksie gesien het. Dit was seker nie lekker om 'n krygsgevangene te wees nie, maar hy het darem die oorlog oorleef! Hy het my eenkeer vertel "Die Dysters het ons vreeslik gebom." Dis seker voor hy gevange geneem is.



Pa na die oorlog, by sy Chev-motorkar.

Ek hoef nie te wonder waarom ek vir die volgende paar Storiëwa's gaan skryf nie. Pa se boekie het nog baie in waarom ek navorsing kan doen, om te probeer om 'n prentjie te kry van sy lewe gedurende die oorlogsjare.



Ek raai dat hierdie 'n foto van die manne is voor hul op die skip in Durban geklim het, seker so aan die begin van Oktober 1941. Hulle het op 21 Oktober op Port Saud afgeklm.



Pa is heel voor in die middel. Dis seker geneem na die manne hul opleiding voltooi het.





Stories vir Oupa

Kobie Stroh

Vir my pa se tagtigste verjaarsdag vyf jaar gelede het ons vir hom 'n lywige koerantjie van agttien bladsye aanmekeargesit, vol stories oor sy lewe. Ek plaas hier die voorblad van Oupa JB se koerant, met 'n paar 'koerantberiggies' oor sy herinneringe en stoutighede as kind, om te pas by ons tema vir vanjaar se Storiëwa.



80 Jaar en Sterker Elke Dag

Baba van die jaar - 1930

Joshua Benjamin Haarhoff

Gebore: 6 Maart 1930
Geboorteplek: Wittebome, Kaapse vlakte
Registrasie: Wynberg
Oudste seun van: Joshua Benjamin Haarhoff (Ben) vanaf Niéu Betesda, Graaff Reinett
En Jacoba Salomina Nel (Sally) vanaf Ladysmith, Kaaprovinsie



SWERWERSLEWE VORM KINDERS

Navorsers het bevind: Ouers wat dikwels van een dorp na 'n ander verhuis, stel hul kinders bloot aan 'n groot hoeveelheid invloede van buite. Dit skep veral geleentheid tot veelsydigheid.

Gevallestudie: 'n Vader (Joshua Haarhoff snr) werk as laaimeester op Wellington stasie, Du Toit stasie/Stellenbosch, Worcester-, Tulbachweg-, Ceres-, en Swellendam stasie. Sy seun Joshua(jnr) ervaar die lewe as stasiekind, plaaskind, dorpskind, weermagman lugmagman, stadskind, mynkind, fabrieksman, motorhuisman en pas uitstekend aan in alle omstandighede.

SKOOLREKORD VAN DIE EEU !!

Een kind van Sub-A tot St 7 in 6 verskillende skole. Klein Joshua Haarhoff het as gevolg van sy pa se oorplasing van een spoorwegstasie na 'n ander reeds 6 verskillende skole bygewoon.

Redakteur: Gys Stroh(jnr) / Wynand Stroh
Fotograaf: Wynand Stroh
Illustrateur: Gys Stroh(jnr)
Bron: Oupa Joshua
Skrywer: Kobie

Skrywer vra verskoning vir enige foute wat mag voorkom. Vir verdere inligting en korreksies, kontak gerus die bron: JB Haarhoff



Klein Joshua en moeder Sally

Beaufort-Wes in REP & ROER

Vermiste kleuter gevind op pad na stasie.

Klein Joshua Haarhoff (Jofie) is vandag ongedeerd gevind nadat hy vernis geraak het. Hy het volgens sy redders manhaftig straat afgestap in die rigting van die stasie met 'n leë swart koffiekannetjie swaaiend in sy hand. By verdere navraag blyk dit toe dat hy van sy huis af weggeloop het. Hy wou blykbaar vir sy pa koffie stasie toe neem. Vandaar die koffie kannetjie. Hy is veilig met sy ouers versoen.

Benoude Sub-A Seuntjie hardloop weg op 1ste Skooldag

Stellenbosch. Klein Joshua Haarhoff het geskiedenis gemaak toe hy op sy heel eerste skooldag weggehardloop het. Die Sub-A juffrou se fiets het 'n pap wiel gehad. Die ander skoolkinders het Joshua beskuldig as die kind wat die wiel afgeblaas het. Benoud het hy besef dat hy as die kleinste geen verweer het nie en het dadelik die hasepad gekies, reguit huis toe na die veilige arms van sy ma. Sy ouers het belowe dat hul sal toesien dat hy die volgende dag sal terugkeer.



JB AUTO SPARES & REPAIRS

Tel : 016 932 3066

e-mail :

jb@jy-is-nie-ernstig-nie.net

Hierdie jaar, toe Oupa JB (uitgespreek Jay-Bee) 85 word, het ek vir sy verjaarsdag 'n stamregister uitgewerk wat sy direkte lyn vanaf ons Haarhof stamvader tot by Oupa JB se agterkleinseun aantoon:


Frans HAARHOF, stamvader		
Vanaf Soest, Wesfale, Duitsland. Arriveer in Kaapstad op 1.10.1719. Eers kneg by skoolmeester Paul Roux en toe plaashulp by 'n weduwee met wie hy later trou: Maria Catharina LE FÈBRE, Hulle trou ongeveer 1723		
b2	Nicolaas	Gebore ongeveer 1728 x Susanna JOUBERT
c11	Izak Jacob	*11.11.1781 (Graaff Reinet) x Anna Francina JOUBERT
d3	Josua Benjamin	*Zwagershoek, Graaff Reinet x Johanna Hendrina DU PLESSIS
e1	Izaak Jacob	*24.11.1836 Graaff Reinet, †Soetvlakte, Kroonstad xx Tweede huwelik Anna Jacoba Margaritha OLIVIER (Graaff Reinet)
f1	Joshua Benjamin	*1.4.1862 Graaff Reinet †Beaufort-Wes x Maria Elizabeth SMITH
g5	Joshua Benjamin (Ben)	*15.5.1906 Graaff Reinet, †Vanderbijlpark) 11.6.1976 x Jacoba Salomina (Sally) NEL *Prins Albert 3.3.1910 †7.12.2000
h1	Joshua Benjamin (JB)	*6.3.1930 Wynberg x Levina Catharina Magrietha VAN DEVENTER
i4	Joshua (Junior)	*1961
j1	Joshua Benjamin (Josie)	1987
k1	Joshua Benjamin	*2013



Hier is nog 'n paar interessante feite oor die HAARHOF/HAARHOFF familie:

1. Ons geskiedenis gaan ver terug, tot 1719 toe stamvader Frans in die Kaap aangekom het. Soos die oorgrote meerderheid mans wat hulle destyds hier kom vestig het, was hy eers soldaat in diens van die VOC.
2. Die familie is nie baie groot nie, aangesien die vroeë Haarhofs nie baie kinders gehad het nie. Dis nogal vreemd vir daardie tyd.
3. Stamvader Frans het net drie kinders gehad. Hy het met 'n ouer vrou getrou. Maria Le Fèvre het reeds 13 kinders gehad uit haar eerste huwelik.
4. Frans se oudste seun, Franz, het slegs dogters gehad en die jongste, Pieter, is jonk oorlede. Slegs sy middelkind Nicolaas het seuns gehad, maar darem ses van hulle. Hy het ook sewe dogters gehad.
5. Feitlik alle Haarhoffs se pad loop deur Graaff-Reinet. Hulle het as veeboere in die distrik geboer.
6. Twee van g5 (Ben) se susters was kinderloos.

Bronne: SAG; GGSA; Pama; JB Haarhoff





Kinders speel met 'n seepkiskar in Qunu.
Foto: Felix Dlangamandla. Gebruik met toestemming van www.netwerk24.com





Stories uit my jong jare

Sampie Orton

1

Wat ek die beste uit my jong dae onthou is die seepkiskar episodes. Dis nou 'n kaskar soos wat die naam aandui, gemaak van 'n houtkas met 'n hout disselboom, 'n tou vir die stuur en met ou 'prêm'-wiele. Dis nou die veteraan-oupa van die moderne staalkarre met groot fietswiele.

In Ermelo waar ek grootgeword het was daar 'n grondstraat, aan die kant van die dorp, wat na 'n dame met die naam van Dr Pet vernoem is. Die straat het styl afdraende geloop. Aan die een kant van die pad was daar woonhuise. Omdat die dorp se koeikamp aan die anderkant van die pad was, was ons renbaan goed voorsien van hindernisse in die vorm van hope beesmis. Ons kaskardoelwit was om op spoed tussen die hope deur te stuur sonder om een te tref en vol mis gespat te word. Nou: om 'n kaskar op spoed suksesvol tussen die mishope deur te stuur moes jy uitgeslape wees. As jy 'n té haastige nooduitswenk moes maak, het jy die sypaadjie getref en in die mis beland. Per geleentheid kon die stuurhou gekruis raak – wat dan links regs en regs links gemaak het. Kaskarry teen daardie afdraende het vernuf gekos.

Ons bure aan die onderkant in Fouriestraat het ook 'n kaskar gehad, maar dit was 'n grote met staal kruiwawiele. Op daardie bielig kon maklik drie kinders op 'n slag saamry. Die ou wat agter gesit het moes altyd aan die bokant van die bult die kaskar 'n goeie stoot gee en dan opspring. Die kinders het altyd op hulle knieë gesit en vooroorgebuk om die windweerstand te verlaag en maksimum spoed te behaal.


Op 'n dag het die buurvrou, Tant Let Roos, hulle tuinjong Timot gestuur om iets by haar suster te gaan haal. Almal het ou Timot geken as Timot Roos, daar hy baie jare vir die Rose gewerk het.

Tant Let se suster het bo in Fouriestraat gewoon. In sy wysheid neem Timot toe die kruiwawielkaskar en sleep dit teen die opdraande uit. Met die terugrit het hy ook nes die kinders op sy knieë gesit. Ons was in ons voortuin aan die speel toe ons die geraas van die ysterwiele op die pasgeteerde straat hoor. Ons hou Timot toe dop. Hy was goed op spoed.

Toe hy voor ons huis verbykom het hy ewe omgeloer om seker te maak dat daar nie motors kom nie, en toe trek hy die stuurhou hard om in hul erf in te ry. Duidelik was sy spoed te hoog om die draai te vat. Die kaskar het een rigting ingeslaan, en ou Timot het reguit bly gaan. Met bebloede gesig, hande en knieë het hy sukkel-sukkel opgestaan, opgekyk na waar hy vandaan gekom het en uitgeroep:

“HELI!”

Op 'n ander dag het my broer en ek met ons neefs se kaskar die langste en stylste afdraende in Ermelo aangepak. Dit was die hoofpad wat van Middelburg se kant af die dorp ingekom het. Die grootste deel van die pad was grond en die teerpad het eers begin waar die eerste huise gebou was. Ek het bestuur en Boeta moes vashou vir ons altwee. Ons spoed was hoog vir 'n kaskar en die slote op die grondpad het groot eise gestel. Toe ons uiteindelik die teerpad vat was alles rustig, en Boeta begin my uit skone verligting te kielie. Ek verloor alle beheer oor die kar en ons tref die steengeboude brugreling. Soos koeëls uit 'n geweer trek ons deur die lug en kom te lande teen die oorkantste wal van die spruit. Groot pyne! Dit was die eerste en laaste keer dat ons daardie afdraende probeer het.



Hier is 'n skets van hoe 'n seepkiskar destyds gelyk het. Die seepkis self, of die breedte van die as, het gewoonlik die afmetings van die kar bepaal. Die hele ding was van hout gemaak, behalwe die voor- en agteras wat van yster was, en natuurlik die 'prêm'-wiele. Die voorwiele is gestuur deur middel van 'n stuk vlastou wat aan weerskante van die vooras vasgemaak is. Die agterwiele was gewoonlik groter as die voorwiele, maar kon ook maar dieselfde grootte wees. Die seepkiskarre was normaalweg ook nie geverf nie, want daar was nie geld vir verf nie. Hulle het ook nie remme gehad nie. As jy wou stop moes jy jou voete aan die voorkant van die seepkiskar uitsteek en jou hakke op die grond skuur.

2

Die plaaslike skietbaan van die Kommando was net so 'n entjie buite Ermelo. Vriende van ons het Saterdag die skywe gaan trek, en het so R1.00 daarvoor verdien. As jy nou dink: vir 'n kind wat nie sakgeld gekry het nie was R1.00 behoorlik 'n fortuin. My broer en ek het vele kere ons ouers se toestemming gevra om ook te gaan skyftrek. Die antwoord was elke keer 'n besliste "Nee!"

Een Saterdagoggend besluit ons twee toe om sonder toestemming wel te gaan. Teen so skemeroggend is ons al die huis uit, die fietse gevat en is weg skietbaan toe. Ons buurman, Oom Paul, was 'n Kaptein in die kommando. Toe hy by die skietbaan aankom, dra hy 'n boodskap van ons ouers oor: "Kom onmiddellik huistoe!". Nou was dit besluttig vir ons twee. Nadat ons al die faktore deeglik bespreek en oorweeg het, stem ons toe saam om maar deur te druk en die geldjie te verdien. Huistoegaantyd het daardie middag aangebreek. Daar het net twee goed in ons koppe gedraai: die loesing wat gaan kom, en die R1.00 elk wat ons darem verdien het.

Toe ons by die huis kom, rig my Pa net een woord aan broer: "Badkamertoe!" Die skrif is aan die muur. Uit my kamer hoor ek die houe val. Boeta huil. Toe hy uitkom sê hy vir my "Pa sê jy moet kom". In die badkamer gekom gee Pa vir my Ma se badhanddoek aan, en beduie dat ek dit oor my boude moet sit. Toe die houe val, kry ek nie seer nie, en huil ook nie... tot Pa fluisterend maan: "Jy móét nou huil anders neuk ek jou régtig!" Daardie dag het daar 'n verhouding tussen pa en seuns ontstaan wat voorheen nie daar was nie. Jare na die voorval moes hy maar voor Ma bieg dat hy nie haar opdrag kon uitvoer nie. Hoe kan 'n mens jou kinders foeter op die eerste dag wat hulle 'n eie geldjie gaan verdien?

3

Net so 5km buite Ermelo op die Amsterdampad is daar op linkerkant teen Tafelkop 'n familiebegraafplaas waar van my voorgeslagte aan Ma se kant begrawe is. Soos gebruiklik het die grootmense gereël dat die plek skoon geskoffel word en dan het al die kinders in die aangrensende "Black Wattle"-bos gaan speel.

In die bos het ons 'n plekkie skoongekrap en elkeen moes 'n sitplek in 'n boom vir homself voorberei. Ons het nog nie mooi klaar gehad nie of ons hoor die ouers roep om te ry. Dowe-oor het ons aanhou speel, al word ons weer en weer geroep. My oom Hendry besluit toe om van die anderkant af die bos stiiletjies binne te kom, en roep toe skielik met so 'n bulderende stem "WIE SPEEL HIER IN MY BOS?" Ons hik van die skrik, en almal vries. Toe die onaardse stem weer die vraag uitbulder, hoor jy net takke kraak en ons storm holderstebolder bos uit en reguit karre toe.

Soos dit nou maar is sorg elkeen net vir homself. Die jongste nefie kom laaste uit die bos uit. Sy adrenalien het behoorlik vlamgevat en hy lê die rieme neer. Hy kom van agter af by ons almal verby, soos 'n pyl uit 'n boog. By die hoek van die begraafplaas was so 'n kontoerwallepje wat hy toe op volspoed vat. Hy sloeg op die grond neer, maar spring op en kom nog steeds voor al die ander by die grootmense aan. Wys jou net wat 'n bang ou kan doen!

4

Hoeveel van ons het, toe ons nog skoolkinders was, gewens dat die skool afbrand?

Ek was bevoorreg om my skoolloopbaan in 1963 aan die Ermelo Hoërskool te voltooi. Jare later, op 21 September 1979, sien ons die rook onder die hoofgebou se dak uitborrel. Die skool brand! Wat nou? Geensins dink jy terug aan die dae wat jy dit gewens het nie. Mense jaag van alle kante af skooltoe om te gaan help of net te kyk.

Ek kan nie net kyk nie! Iets moet gedoen word! Ons spring in en red wat te redde is. Tafels, stoele, banke, tikmasjiene en enige ding in die klas word uitgedra. Die brandweer arriveer en begin spuit. Daar's geen brandkrane nie, en water word uit die visdam gepomp. Clover ry water aan met hul tenkers. Van ons ondersteun die brandweer bemanning en na 'n groot gespook word die vuur geblus.

Ek moet sê ons almal se blus was ook uit en vroulied moes maar lappe maak van die klere wat ons daardie dag aangehad het.

5


My Pa, Bill Orton, het 'n 1939 Plymouth gehad wat uit die motorhuis gesteel is. Die diewe het Middelburg-toe gery en daar die verkeerde pad gevat en by die asgate uitgekom. Hulle het probeer omdraai maar die motor het met sy agterkant in 'n gat beland. Hulle het hom toe aan die brand gestee en Pa se kar is totaal uitgebrand. Daardie jare is nie veel aan assurancesies bestee nie en kon Pa toe nie sy motor vervang nie.

Vyftien jaar later, in 1961, het hy ons bure se pragtige 1960 Opel Olympia Rekord gekoop, waarop hy baie heilig was. Een middag moes ek die motor was. Pa het die motor uitgetrek en gery tot by die wasplek. Ek het saamgery en self die enjin afgesluit en die sleutel uitgetrek en aan Pa oorhandig. Nadat die kar se buitekant skoon is, het ek aan sy binnekant begin werk. So met die afvee sien ek dat die knop waarin die sleutel pas nog gedraai kan word. Ek het onbewus die sleutel nie reg hanteer toe ek dit uitgetrek het nie.

Nou ja - wat maak 'n Std 8 seun nou met so 'n geleentheid? "Start" die enjin en sit dit weer af. "Start" hom, sit hom in rat en kyk of hy wil vorentoe of agtertoe. Dit werk! Nou verder agtertoe tot by die hek. Weer voorentoe, dan agtertoe en so hou dit die hele middag lank aan, totdat ek voel ek behendig kan bestuur.

Op 'n dag kuier Ma se suster by ons, en net so voor vyfuur sien ons die groot weer wat enige tyd kan uitsak. Ek stel voor om my tante huistoe te vat. Na 'n geskarrel stem sy en my Ma saam dat dit die beste opsie is. Sy's in die kar en daar trek ons. Ek laai haar af en besluit om nog so 'n blok verder te ry. Met die terugry kry ek my Pa wat langs die pad huistoe stap. Wat kon ek doen? Ek ry toe maar stadig en netjies by hom verby en parkeer die kar in die motorhuis, maak die deur toe en stap gedwee huistoe om die karnuffeling in te wag. Toe Pa inkom, het hy my so staan en bekijk voor hy vra "Wie de hel het jou leer karbestuur?"

Hy bly vir my die beste pa in die wêreld!





Hier staan my Pa en Ma by die 1960 Opel Rekord waarmee ek myself leer bestuur het. By trial and error.
My pa is William James ORTON en my ma was Eliza Jane Orton (née BLIGNAUT)

6

Geen storie oor 'n kind in daardie jare kan geskryf word sonder 'n fiets-staaltjie of twee nie.

Ek was in standerd een en het met my Phillips 24 skooltoe gery. Naby ons huis is so 'n skotige opdraandetjie waar daar 'n hond gebly het. Ek dink hy was gebore om kinders op fietse te byt. Een wintermiddag op pad huistoe bestorm die aaklige brak my. Ek vlieg toe om en trap so hard ek kan om van die gedierte weg te kom. Blindelings is ek oor 'n padkruising en swaai my fiets na regs in die dwarsstraat in. Ek sien 'n klip waarvoor ek in die draai nie kan uitswenk nie. Ek tref die klip en dis al.

Teen so drieuur die middag word ek wakker in my eie bed met 'n kloppende hoofpyn, en stukkende teerpad-skrape teen die kant van my kop, arms en bene. My kop het skynbaar die sypaadjie getref en ek was vir so twee ure in droomland sonder enige drome. Van daardie dag af het ek lang draaie om daardie vervlakste hond se straat gery.

7

Ons kinders moes baie die grootmense hoor grootpraat oor hoe hulle destyds tussen die dorpe gery het. Dis hoofsaaklik die mans wat vir die dames in aangrensende dorpe gaan kuier het. Opsit het hulle dit genoem.

Een Augustus besluit vier van ons maats toe om van Ermelo Bethal-toe te ry, 'n afstand van sowat 35 myl (56km). Met 'n paar toebroodjies en water spring ons weg met 'n groot spoed en tonne brawades. So teen 10 uur die oggend kom ons in Bethal aan en beloon onself met 'n lekker pakkie slap skyfies en 'n Coke. Ons kry toe 'n tiekieboks en elkeen bel sy ma sodat hulle die sentrale kan hoor sê "Hou aan vir Bethal" – anders het hulle ons dalk nie geglo nie.

Na nog 'n bietjie rus val ons in die pad terug Ermelo toe. Wat ons nie agtergekom het nie was dat Augustusmaand se wind ons met die kom van agter aangehelp het. Nou het hy ons in volle fors van vooraf gewaai. Die wind was so sterk dat ons selfs die afdraandes moes trap dat dit bars. Ons het eers so twintig oor vier die middag in Ermelo aangekom, gaar en gedaan. Ons het dit een keer gedoen, en dit was die laaste keer. Laat die ooms maar grootpraat.





Stories discovered

Germaine Smith

Trying to fit the pieces of our ancestors' stories together can be both exciting as well as heartsore! We discover things about the dead that we never knew; things they went through while they were living. We discover that they lost a child; we learn that their spouses were unfaithful, stories of alcohol addiction and a husband that ran off with another's wife.



Harriet Maria HOLDER¹

We also discover the love stories, now told by the ones who used to be a part of the lives of those who are no longer here. We learn that the aunt who lost a baby girl lived to love her nieces and nephews as if they were her own. Those nephews and nieces are the ones that tell their story and convey the love they felt from someone who was never their mother, but loved them as if she was!



Jane Cathleen HOLDER^{2A} and Lettie Cathaleen HOLDER^{2B}

But with all these happy tales, are ones of sadness too

Filed 14 October 1873
DEATH NOTICE.

Family history is not just about names, but also about those life stories that are told by the ones left behind.


The funniest story that I have been told to date is about one of my great-aunts, Julia HOLDER⁶. She was the third youngest of nine children and due to her position in the family, I believe that she suffered a little bit of ‘middle child syndrome’.

She developed a taste for the eccentric and had the drama of a glamour girl. This did not go unnoticed by her two younger sisters, and they did not approve. This drama queen act of hers was just a bit too much for them!

“Ek onthou dat my ma en Tannie Violet⁵ altyd vir Tannie Julia geterg het oor haar ‘warpaint’. Kyk, Tannie Julia was 'n regte *prima donna* en het nooit ooit sonder haar grimering verskyn nie. Selfs as sy net in die huis was en nie uitgegaan het nie, het sy haar getooi met haar ‘warpaint’. Ek was as kind altyd gefassineer deur Tannie Julia. Sy was vir my soos daardie aktrises met die lang sigaret in die hand en die rooi rooi lippe, met haar pikswart hare, blougroen oë en dramatiese klere. Sy was veral lief vir rooi. Sy was vir my so 'n eksotiese wese en baie eksentriek!” This was a recollection from one of my mom’s cousins about her Auntie Julia. After hearing this story, I find it difficult to refer to my great-aunt as just plain Julia. I much prefer the descriptive nickname I’ve given her: ‘Warpaint’.



Jacobus Stephanus
SCHUTTE and Dorothea
Maria HOLDER³



With all that I have discovered in the search for my family’s past, there’s also the war. The young married boys left to fight for their country not knowing when or if they would every return.

The wives and sisters had an anguished wait at the train station for these young men as no one knew who was going to return. Not all returned to the happy lives they had left behind.

And so we try to unravel the truth of our ancestor’s lives. For some there were happy endings and for others, sadly not. We discover the puzzle pieces one by one and with these build up a story about the generations before us.

This is what makes genealogy such a wonderful journey into the past!

Alongside, William Arthur HOLDER⁴, his wife and five of his nine children.



Here’s my great-great grandfather’s family:

William Arthur HOLDER⁴ *8 Oct 1892, Matatiele, ≈ 12 May 1893, Matatiele, † 1956, Durban, Ω 9 Oct 1956, Stellawood Cemetery Umbilo Distric Durban

x Elizabeth Anna Helena DU RANDT *1887, Kwazulu Stormberg District Eastern Cape, † 1968, Durban, Ω 1968, Stellawood Cemetery Umbilo Distric Durban

Joseph Henry HOLDER *30 Jul 1913, Mount Fletcher, †24 Oct 1972, Port Sheptone

x Johanna Maria DE WENNAAR (Born VETTER) *1911

William Arthur HOLDER *16 May 1915, Apr 1981 x Judith Magritga Magdalena WIGGETT *1918

Theunis John James HOLDER *8 Nov 1917, Cape Province, †Nov 1976 x Sylvia Johanna VOSLOO

*1924 xx Magdalena Sophia MEYER *1933 †Oct 2005

Jane Cathleen HOLDER^{2A} *14 Mar 1920, Pietermaritzburg, †28 Feb 1997, Ω 1997Durban

x Gustaff William LONDT *Apr 1910, † 17 Dec 1965

xx Neil William Lamont *1924

Lettie Cathaleen HOLDER^{2B} *23 May 1922, †16 Dec 1994, ΩMorreesburg Cape Province

x Jan Hendrik VAN DEN BERG *9 Sep 1914, Pinetown Natal, †25 Oct 1977, Bloemfontein, Orange Free State, South Africa, Ω 1977, Bethlehem, Orange Free State, South Africa

Harriet Maria HOLDER¹ *6 Jul 1924, Cape Province, † 3 Jun 1997, Ω 1997, Durban,

x Christoffel Johan VAN DEN BERG *1919, Pietermaritzburg, †25 Oct 1945

xx Union Neveling *1910, †2005

Elizabeth Julia HOLDER⁶ *25 May 1926, † 12 Oct 2007, Krugersdorp

x Muric Ferdand Ernest MACE-ANDRE *21 May 1918, † 23 Jun 2003

xx Herbert Harry Rieper *4 Dec 1917, †5 Aug 2002, Stilfontein

Sophia Violet HOLDER⁵ *8 Jul 1928, Duban Natal, †1 Jun 2012, La Lucia Natal, Ω 2012, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban

x Frederick Sarel Julius SNYMAN * 26 Dec 1920, †29 Apr 2006, Ω 2006, Stellawood Cemetery Umbilo District Durban

Dorothea Maria HOLDER³ *23 Apr 1931, † 2012

x Jacobus Stephanus SCHUTTE *30 Oct 1924, Waterval, Lydenburg, †7 Nov 1977, Pretoria, Ω 1977, Rebecca St Crematorium, Pretoria





Die liefde van my lewe

Renier Feldtmann

Na skool het ek eers 'n aantal jare aan die Universiteit van Pretoria studeer en toe, op 4 Julie 1966, het ek in Potchefstroom by die Infanterie Bataljon vir weermagopleiding aangemeld. Ek het saam met tientalle ander rekrute per trein vanaf Johannesburgstasie Potchefstroom-toe gery. Op die trein het ek iemand ontmoet wat ongeveer dieselfde ouderdom as ek was. Die grootste gros van die manne het die vorige jaar matriek geskryf. Omdat ek en hy ouer was, het ons maklik by mekaar aanklank gevind. Ons twee het waar ons kon oral saam geloop en met mekaar gesels. Met die aanwysing van ons verblyfplekke, het ons in dieselfde barak beland. Hier het ons beddens langs mekaar gekies. Op hierdie manier het ek en Adriaan Eksteen baie goed bevriend geraak; 'n vriendskap van alreeds ongeveer vyftig jaar.

Gedurende die eerste drie maande van ons opleiding kon dié wat belanggestel het, aansoek doen om as Junior Offisiere opgelei te word. Na die nodige aanlegtoetse voltooi is, is ek en Adriaan gekies om hierdie spesiale opleiding te ondergaan. Hiervoor moes ons na 'n ander basis oorgeplaas word. Aan die begin van Oktober het ons met drie-maandelange opleiding in E-Kompanie by die Leërgimnasium in Pretoria begin. Ons het in tente gebly en is alfabeties volgens vanne ingedeel. Soos dit uitgewerk het, het ek en Adriaan weer in dieselfde tent beland.

Gedurende die drie maande opleiding het ons slegs eenkeer 'n naweekpas gekry. My ouers was toe reeds weg met vakansie en ek het nêrens gehad om heen te gaan nie. Adriaan het hom oor my ontferm en my genooi om die naweek saam met hom by sy ouers in Pretoria te gaan deurbring. Ons uitpasseringsparade was vir die daaropvolgende Woensdag geskeduleer en vir daardie aand was daar 'n funksie gereël om die geleentheid te vier. Hiervoor kon die manne hul vriendinne uitnooi.

Omdat dit op daardie stadium universiteitsvakansie was, het Adriaan se meisie by haar ouers op die plaas in Gobabis se wêreld gekuier. Adriaan het toe besluit om haar universiteitsvriendin en kamermaat, Linda Nel, te gaan vra of sy die aand saam met hom na die geselligheid sou gaan. Ek en Adriaan het toe gedurende die naweek van 17 Desember 1966 by die Nel-woning in Pretoria opgedaag. Linda was te vinde vir Adriaan se voorstel, en so het ons drie mekaar weer die Woensdagaand gesien.

Ek is daarna na 4 SAI op Middelburg uitgeplaas en Adriaan na 'n ander basis. Op 7 April 1967 het ek my aanvanklike diensplig van 9 maande voltooi en is ek terug na my siviele lewe.

Kort nadat ek weer begin werk het, het ek een agtermiddag by 'n tak van die CNA na iets gaan soek. Tussen die rakke het ek die jong dame raakgeloop wat my vriend Adriaan gedurende ons Offisiërskursus aan my voorgestel het. (Eers jare later het sy my vertel dat dié vlugtige ontmoeting in die CNA haar so 'ontstel' het dat sy die pakkie wat sy daar gekoop het, in die winkel vergeet het!)

'n Aantal dae later het een van my destydse kollegas my na 'n verjaarsdagpartytjie genooi. Ek kon ook 'n vriendin saambring, indien ek wou. 'n Vriendin? Ek het nie so iets gehad nie! Maar ek het wel geweet van iemand wat dalk nie sou omgee om saam te gaan nie. Op 'n Maandagmiddag na werk is ek na die universiteitskoshuis waar sy gebly het – dis nou inligting wat ek darem al so tussendeur met ompaie uitgevind het.

Toe ek egter by die koshuis kom, was sy nie beskikbaar nie, maar haar kamermaat, Ansie Barnard, het my kom ontmoet en vertel dat Linda dokter toe is. Linda sou die aand na aandete beskikbaar wees. In my onbeholpenheid en senuagtigheid het ek die doel van my besoek aan Ansie uitgeblaker. Sy, op haar beurt, het baie opgewonde gelyk.

Na aandete was ek weer by die koshuis en het ek haar gevra om die Woensdagaand saam met my na die partytjie toe te gaan. Hoeveel voorbrand Ansie vir my gedoen het, sal ek nie presies weet nie, maar dat dit wel gebeur het, is waar.

Sku en maar bang vir meisies het ek haar omtrent die hele aand in die geselskap van my dames-kollegas gelos terwyl ek saam met die manne vleis gebraaai het. Dit het haar egter nie afgeskrik nie, en ons het daarna byna elke aand ge-
'sleep'.

Ons verhouding het gegroei en gebloei. Aan die einde van die jaar het Linda saam met haar ouer broer, Eugène, en 'n vriendin, Rina Bonnema, by 'n woonstel naby Pretoria se middestad in Andriesstraat ingetrek. Dit was 'n woonplek naby aldie van hul se werkplekke en dus baie gerieflik. Die drie kon ook saam bydra tot die huur van die woonstel.

Aan die einde van Desember 1967 was ek en Linda onderskeidelik strooijonker en strooimeisie op Adriaan en Ansie se huwelik in die Gobabis distrik in die destydse Suid-Wes Afrika. (Dis egter 'n hele ander storie.)

Ongelukkig is Eugène gedurende April 1968 na 'n motorongeluk oorlede en het die twee dames na goedkoper verblyf gesoek. Ek het op daardie stadium in 'n privaathotel naby die Uniegebou gewoon. Ek het elke dag met my motor na my werk by Sanlam op die hoek van Andries- en Pretoriusstraat gery en daar naby geparkeer. Dit sou dus geen probleem wees as Linda soggens tot by haar kantoor saamry nie, en smiddae kon ek haar weer oplaai. Met hierdie reëling in gedagte het ons vir haar 'n kamer in dieselfde privaathotel gekry as waar ek gewoon het, maar die lekkerte van nabywees het nie lank gehou nie. Aan die einde van Julie 1968 is ek na Sanlam se Hoofkantoor in Bellville oorgeplaas om as rekenaarprogrammeerder opgelei te word. Ek is uit Pretoria weg en my vriendin moes agterbly!

Destyds was daar nog nie iets soos selfone nie. Die algemene manier van kommunikasie was deur middel van briefwisseling. Die brief is Sondagaande geskryf, Maandagoggend gepos en so teen Woensdag of Donderdag, is die brief met die jongste nuus afgelewer. En dan het die proses homself maar weer van vooraf herhaal.

Hier rondom die middel van Desember 1968 en die begin van Januarie 1969 het ek so twee weke verlof geneem, eerstens sodat ek en Linda saam met my ouers by Badplaas en in die Kruger Wildtuin kon gaan vakansie hou, tweedens om die huwelik van een van my pa se jonger tweelingsusters by te woon. Hierdie "huweliksaweek" was 'n besondere geleentheid. 'n Huwelik is op die Saterdag voltrek en die volgende dag is die eerste huweliksherenking van my pa se jongste broer, wat vir my soos 'n eie broer was, gevier. Ek en Linda het troukoors ontwikkel en die Sondagnag besluit om so teen die einde van Maart die volgende jaar te trou.

Maandagoggend moes ek in Vereeniging ouers-vra. Pa was in die motorhuis doenig met voorbereidings vir die vakansie terwyl Linda en Ma in die naaldwerkkamer besig was met laaste takies. Toe ek vir Pa sê dat ek en Linda met hom en Ma iets wil bespreek het hy dit waarmee hy besig was dadelik gelos en met 'n breë glimlag ingestap na waar die vroue doenig was. Ma was egter besig om iets met haar naaimasjien te werk en het blykbaar nie gesien dat ek en Pa ook daar staan nie. Totdat Pa gesê het: "Vroutjie, los tog nou die masjien. Kyk, die kinders wil met ons praat!" Hierna kon ek die plan verduidelik en goedkeuring vra. Ons het goedkeuring sonder enige teëstribbeling gekry.

Die middag moes ons Pretoria-toe deurry om Linda se ouers te groet voordat ons met vakansie sou vertrek – en, natuurlik, om ook hulle toestemming vir ons huwelik te vra. Die probleem was dat Linda se pa op daardie stadium na 'n operasie in die hospitaal was. Die ouersvra-sessie moes plaasvind nadat die klokke vir die einde van besoektyd gelui het omdat ons geweet het daar sou ander besoekers wees. Linda het dit toe so met haar suster, Amanda, gereël dat sy enige besoekers wat teenwoordig sou wees aan die einde van die besoektyd diplomaties sou weglei sodat net ons twee met Linda se ouers sou agterbly.

Na die nodige keelskoonmakery het ek die vraag gevra en verduidelik het dat ons vroeg die nuwe jaar wil trou. Oom Thys het met so 'n glimlag op die gesig gelê en na ons gestaar. Dit het vir ons na 'n ewigheid gevoel voordat hy uiteindelik sê: "Maar dis oor twee weke Nuwe Jaar!"

"Nee, Oom, nee! Nie só gou nie! Ons het gedink so teen einde Maart sal reg wees."

Met albei ouerpare se goedkeuring vir die huwelik is ons toe weg om 'n verloofring te gaan soek. Gedurende ons winkelveensterkykery (toe dit nog as tydverdryf gedoen kon word) het ons reeds 'n ring gesien wat Linda van gehou het.

Met geen verdere planne nie, maar met die verloofring in my sak en baie opgewondenheid op ons gesigte, is ons toe na die hospitaal toe terug om vir Linda se pa die ring te gaan wys. Vir Linda se ma sou ons dit later by hul huis gaan wys.

Halfpad teen die trappe op na die tweede vloer waar haar pa gelê het, sê ek vir Linda: "Jy kan nie dié ring so in 'n boksie vir jou pa wys nie. Gee hier jou vinger." En net daar, tussen die eerste en tweede vloer, op die trapoorloop waar die trappe van rigting verander, steek ek die ring aan haar vinger – en is ons verloof. Met 'n stralende gesig kon sy toe die ring aan die regte vinger vir haar pa gaan wys.

Na ons vakansie saam met my ouers is ek weer terug Kaap toe. Toe ek die dag instap wou almal weet waar ek was, want die opleiding van programmeerders wil begin en almal wag net vir my.

Die daaropvolgende drie maande was ek baie besig met die kursus. Linda moes meeste van die nodige reelings vir die huwelik tref. Gelukkig is die kursus teen die voorlaaste week in Maart voltooi en kon ek weer vir twee weke met verlof gaan.



Nieteenstaande 'n aantal probleme wat ons ondervind het, was dit 'n heerlike en wonderlike dag. Op Saterdag, 29 Maart 1969 het Ds Koos Smit ons om 15:30 in die NG Gemeente Pierneef, Villieria, Pretoria, in die huwelik bevestig.



Vandag, meer as 46 jaar later, geniet ons die saamwees nog baie omdat ons nou tydens ons aftrede meer tyd met mekaar kan deurbring en dinge kan saamdoen.





Tienerbruid

Erna Buber-deVilliers (neé Schutte)

Sou jy jou vyftienjarige dogter met 'n ou man van amper 49 laat trou, wat boonop 'n wewenaar is en agttien kinders het? Ek wonder wat sou Oprah daarvan te sê gehad het? 'Pedofiel' is die woord waaraan ek gedink het toe ek my tweede oupagrootjie se storie begin aanmekaarsit. Daardie ou dogtertjie het met haar (veel ouer) niggie se man getrou, skaars drie maande nadat hy sy eerste vrou begrawe het. Binne tien maande het sy haar eerste kind gebaar, en daarna al om die ander jaar nog een en nog een, totdat sy (seker by die geboorte van nog 'n kind) op 38 jaar oud gesterf het, opgebruik. Sy het veertien lewende kinders gehad.

My tweede oumagrootjie, Alberta/Albarta Johanna VENTER se lewensloop het my al dikwils laat wens ek kon by haar self hoor oor hoekom sy met Christiaan Ernst Gerhardus SCHUTTE getrou het. Was haar familie arm, en was die ou man 'n ryk boer en 'n goeie 'catch'? Het sy hom bewonder, was hy vir haar aantreklik, was sy deur sy aandag gelei? Hoe was dit vir haar om by 'n huis in te stap waar haar stiefseun 'n jaar ouer as sy was – 'n tiener van sestien? Daar was al so vier van haar man se agttien kinders getroud en uit die huis uit, maar dit beteken dat daar nog veertien kinders tussen die ouderdomme van vier maande en sestien jaar was vir wie sy nou as ma moes sorg. En hoe was dit vir haar as daardie ou man nag vir nag sy drifte op haar jong liggaam uithaal?

My pa, agterkleinseun van daardie ou bok, het my 'n storie vertel van een van sy voorsate. Die man was 'n welgestelde boer, en het 'n paar plase besit. Soos die gewoonte was, het hy al sy inkope by die Jood op die dorp laat opskryf, en dan na die oes of skaapskeer of wanneer ook al reggemaak – totdat daar een jaar 'n misoes was en hy nie kon betaal nie. Toe vat die Jood al sy plase en alles wat hy besit.

Kon daardie voorsaak die einste CEG SCHUTTE gewees het?

Ek weet dat hy kort na Alberta se dood uit die Queenstown of Cradock distrik vort is om ver weg by sy broer op die plaas Buffeldoorns naby Potschefstroom (Carltonville) te gaan woon. Hoekom? My oupa-grootjie (Alberta se tiende kind) was toe so sewe jaar oud, en hy het sy pa nooit weer gesien nie. Alberta se jonger kinders is deur verskillende half-broers en -susters grootgemaak na hul pa vertrek het.

Binne negentien maande was die ou man alweer getroud, op 75, hierdie keer met 'n vrou van ses-en-twintig (vrou nommer drie was nege-en-veertig jaar sy junior). Tien maande later is sy met die geboorte van hul eerste kind oorlede.



Die storie is dat toe CEG SCHUTTE besig was om die ossewa in te span om sy jongste seun (kind nommer drie-en-dertig) Potschefstroom toe te neem om gedoop te word, hy onder die wa se wiel beland het en toe dood is. Dit was 23 Maart 1876. Hy was 76. Die distrik se jong blare was veilig.



Vier geslagte van CEG SCHUTTE se nasate:

Sittende sy seun, my oupa-grootjie Jan Harm SCHUTTE (na wie my pa vernoem is)

Regs agter sy kleinseun, Willem Adriaan Goosen SCHUTTE

Links agter sy agterkleinseun, my Oom Frikkie: Frederik SCHUTTE

Op Oupagrootjie se skoot, my neef André SCHUTTE

Die foto is ca 1951 geneem

Bronne: SAG, Dr Tiaan Schutte, Jan Harm SCHUTTE (my pa), sy broer Frikkie en die se vrou Dina





Lekker ou laerskooldae 1964-1970

Pottie POTGIETER (Hendrik Jacobus ab7c9d4e1f4g1h12i1j1)

Ek is op 25 Julie 1957 gebore, en is graad een toe in 1964, die jaar toe ek sewe geword het. Vir die eerste helfte van daardie jaar het ek by Ouma Pollie en Oupa Hendrik Potgieter op die plaas Modderfontein, Distrik Sunda in Oos-Transvaal gebly, en is ingeskryf by Laerskool Sunda. Ek het toe nie heeltemal mooi verstaan hoekom ek by my grootouers moes woon nie, maar dit was omdat ons familie besig was met trek vanaf Mandini in Natal, waar Pa Henry eers by SAPPI-papiermeule gewerk het. Al wat ek van Laerskool Sunda kan onthou is dat die rugbyveld oorkant die pad by die skool se ingang die hobbelrigste, mees ongelyke rugbyveld suid van die ewenaar was, sonder enige noemenswaardige gras (net graspolle hier en daar).

Na ses maande is Pa Henry en Ma Gerrie toe in Springs gevestig, en het ek die tweede helfte van graad een daar in Laerskool Jan van Riebeeck voltooi. Ek onthou ons klaskamer: 'n tydelike asbesgeboutjie, met 'n swart koolstoof waarin daar wintermaande vuurgemaak is. Verskillende klasmaats is daaglik aangesel om genoeg brandhout in te dra sodat Juffrou net die vuur kon stook.

Daardie was die jaar van my eerste liefdesteleurstelling. My graad een Juffou was Mev van Nierop. Sy was vir my 'n pragtige mens met haar pikswart hare. Magties, maar ek was darem baie lief vir haar gewees! Ek kon nie wag om elke dag skool toe te gaan nie. Baie jare later sou ek uitvind dat sy die bekende film resensent Leon van Nierop se ma was.



My jonger sussie, Elise, het daardie tyd gereeld siek geword, en niemand kon dit verklaar nie, totdat 'n dokter my ouers vertel het dat dit van verlang is. Sy het na haar Bietie verlang (sy kon nie Boetie uitspreek nie, en Bietie het haar bynaam vir my gebly) as ek bedags by die skool is. Oplossing – sit haar ook in die skool (al is dit 'n jaar te vroeg) en daar is toe al die probleme opgelos.

Soos ek later hieronder vertel, was my laerskooljare aanwasjare vir die Potgietergesin: eers het Deon bygekom (middelfoto), en toe Anna-Marie (regs, op Pa se heup)



Ek en suster Elise het met die bus skool toe gery en ek kan nog onthou hoe dit daardie jaar gesneeu het. Dit was groot pret toe ons by die brandweerstasie verbyry en die brandweermanne die bus met sneeuballe gooi. My Oom Jannie was op daardie stadium 'n brandweerman, en hy was een van die voorbokke. Ek besit nou nog die 'pewter coat of arms' van Springs se brandweerstasie (miskien moet ek dit maar eendag aan hulle terugskenk).

Uit Springs het ons verhuis Brakpan toe, en ek was daar in Laerskool Kommando vanaf graad twee (1965) totdat ek standaard vyf voltooi het (1970).

Ons was baie arm. My helder kanariegeel trui het my soos 'n seer vinger tussen die ander kinders laat uitstaan. Die skoolkleure was hoofsaaklik blou, met net 'n *bietjie* geel en wit. 'n Skoollangbroek het ek nie besit nie, en wintermaande was dit 'n stryd teen die koue. Een manier om dit te oorwin was om soggens vroeg ten minste so 'n halfuur na 'n driekwartier vóór skool al op die rugbyveld te wees om 'touch' rugby te speel. Dit het die bloedsomloop goed aan die gang gekry. 'n Ander plan was om sommer net rond te hardloop en gly op die spierwitgerypete rugbyveld. Ons het ook gereeld op stukke kartondoos weer en weer teen die grondwal langs die rugbyveld afgegely om warm te word. Vir 'n klein seuntjie was daardie steilte omtrent soos 'n berg om uit te klim, maar toe ek nou die dag as grootmens daar kom, sien ek die wal is skaars twee meter hoog.

Die gereelde koekverkopings op 'n Vrydag is 'n goeie herinnering. Almal moes 'n geldjie saamvat skooltoe om pouse iets mee te koop. 'n Watertand-verleiding was die groot verskeidenheid koeke, terte, roomys 'cones' vol kondensmelk-tameletjie en allerhande ander lekkernye. Ek en suster Elise kon altyd net één stukkie elk van wat-oook-al bekostig, en het altyd verskillend gekies sodat ons kon deel en darem ietsie van twee snoeperye proe - wat 'n gelukkie!



Pa Henry het met sy rooi 'tipper' Bedford vragmotor private kontrakwerk gedoen om paaie en brue te bou. Hy het onder andere gehelp tydens die bou van die aanloopbane van die oorspronklike Jan Smuts Lughawe (later jare Johannesburg Internasionaal, en nou OR Tambo Lughawe) in Kemptonpark. Maar na 'n ongeluk was my standaard een tot standaard vyf jare 'n moeilike tyd vir ons gesin. Een dag is Pa van agter omgestamp, en die vragmotor het teen sy agterbeen opger. Sy been was gebreek. Nadat hy uit die Verre Oos Rand Hospitaal ontslaan is, het Ma Gerrie hom by die huis verpleeg. Dit was arm jare, want Pa kon na die ongeluk vir amper 'n jaar nie werk nie. Ma Gerrie het selfs leë koeldrankbottels bymekaargemaak om te verkoop vir 'n ekstra inkomste om die pot aan die kook te hou.

Later jare het Pa Henry 'n tyd lank by Simba Chips in Johannesburg gewerk. Aartappelskyfies was toe 'n algemene ding in jou kosblik skooltoe. Daarna het hy vir Shell, Alberton, gewerk, en moes eenkeer 'n baie spesiale brandstof-vragmotor gaan haal, al die pad vanaf Beira in Mosambiek. Die vragmotor is soontoe verskeep, en Pa het dit Suid-Afrika toe bestuur. Pa het ook vir Coca-Cola, Johannesburg, as verkoopsman gewerk. Nou nog het dié gaskoeldrank 'n spesiale plekkie in my herinneringe, want ons het grootgeword met 'n gratis kas van 12 bottels koeldrank per week.

Pa Henry se werk het dikwils vereis dat hy van die huis af weg was, en as gevolg van sy werksveranderinge het ons baie rondgetrek, van die een huurhuis na die ander. Gedurende my sewe laerskooljare het ons die volgende woonadresse gehad: New State Areas, Springs; Modderbee, Springs; Sundra; Derbylaan 43, Brakpan; Hannahstraat 8, Brakpan; Dam, Brakpan.

Ek onthou 'n hele paar dinge uit die tyd wat ons by Derbylaan 43, Brakpan, gebly het. Eerstens dat ek by daardie huis vreeslik baie in my slaap geloop het, maar die belangrikste is seker die wonderlike bure oorkant die straat: Oom Ben en Tannie Baby Faber. Die Fabers was net so arm soos ons, maar hulle was wonderlike mense. Ek onthou goed dat die dag toe ons daar intrek, het Tannie Baby vir ons 'n skinkbord met tee en vetkoek oorgestuurd om ons welkom te heet. Haar broer Martiens het dit gebring. Hy het by die Fabers aan huis gebly.

Die Fabers het net seuns gehad. Daar was vier van hulle: Johan was sowat vyf jaar ouer as ons, en dan was daar Hendrik (Tokkie), Bennie en Fransie. My sus Elise was 'n baie groot gunsteling by Oom Ben en Tannie Baby. Hulle wou so graag 'n dogter gehad het, en het Elise behandel asof sy hulle eie kind was. Die Potgieter en Faber kinders het by enige van die twee huise gespeel en gebly.

Tannie Baby was 'n baie goeie kok en bakster gewees en sy kon letterlik uit niks vir al ons kinders 'n feesmaal voorberei. 'n Gunstelingereg was haar spesiale pap. Eers kook sy 'n groot potvol, dan roer sy vir elke persoon 'n eier daarin, en rond die dis af met 'n blikkie 'bullybeef'. Ons klomp het dan gesmul, en trommeldik geëet asof ons nog nooit in ons lewens kos geproe het nie.

Min het ek geweet dat veertig jaar na matriek sou verbygaan voordat ek en Hendrik (Tokkie) mekaar weer sou opsoek. Dit was eers onlangs, in Aug 2015, wat ons mekaar weer sou sien. Met die verloop van jare het ons albei so verander dat ons op straat by mekaar sou verbystap sonder om mekaar te herken! Ons gaan nou weer die bande optel om net soos van ouds beste vriende te wees.



Ek, Hendrik (Pottie) Potgieter



Hendrik (Tokkie) Faber



By Derbylaan 43, Brakpan was toegang tot die buitekamer streng verbode. Pa Henry het op Ouma Gouws se plaas by Nylstroom 'n massiewe groot bobbejaan geskiet, en die gedierte se vel was daarbinne. Ons kinders was vrek bang vir daardie aaklige bobbejaangesig met die afskuwelike slagande.

Langs die Fabers, skuins oorkant die straat, was daar buurseuns met wie Tokkie en ek op 'n stadium vriende was. Ons was 'n groep van vier of vyf jong outjies, en het 'n bende gestig (na aanleiding radiokarakters soos Trompie en die Boksombende en stories oor Staal Burger). Ons het 'n massiewe gat in die mense se agtererf gegrou en met sinkplate toegemaak vir 'n dak. Dit was ons geheime ondergrondse bymekaarkom plek. Ons bende is ontbind na die eerste groot reëns van die seisoen, toe ons grot inmekaarval en ons hoofkwartier daarmee heen is.

Ek en suster Elise was eendag so om-en-by graad twee in 'n naskoolse 'fight' betrokke. Ons het net twee blokke van die skool af gebly. Ek het elke middag Elise se tas huiستoe gedra, want sy was darem kleiner en jonger as ek. 'n Seuntjie oorkant die straat het my daaroor gespot en ek het oorgeloop en hom so 'n vet klap gegee dat hy op sy agterent te lande gekom het. Maar dit was nie verby nie, want toe ek weer kyk is Elise ook daar en sy dien die arme outjie nog 'n vuishou op die oog toe. Ons was dom genoeg om daardie aand vir Pa Henry en Ma Gerrie daarvan te vertel, en toe kry albei van ons 'n lekker pak slae – want mens baklei nie in die strate nie!

Die huis het 'n steenkoolstoof gehad. Dit was Vrydaemiddae na skool my verantwoordelikheid om die stoof uitmekaar te haal en skoon te maak. Vrydagaande het ons nooit kosgemaak op die blinkgepoleerde stoof nie, want Pa Henry het dan 'Fish & Chips' gebring vir aandete. Pa Henry en Ma Gerrie het altyd 'n stukkies vis elk ge-eet en ons vier kinders het rooiworsies gekry.

Woensdagmiddae het ek en my ander goeie vriend, Myk Lembisch, gereeld gaan insitfiek. Sy pa en ma was Duitse immigrante wat na die tweede wêreldoorlog Suid-Afrika toe verhuis het. Hulle het in Brakpan net 'n blok van die insitfiek af gebly, en ek is fiekdae na skool dan saam met Mike direk na hulle huis toe. Ma Lembisch het vir ons heerlike tradisionele Duitse aartappelgeregte vir middagete gemaak. Daardie dae kon jy nog fiek vir 10c – en dit het 'n pakkie Popcorn ingesluit!

Die lewe het die gewoonte het om baie snaakse draaie te loop, en ek en Myk het mekaar na skool nooit weer gesien nie. Ek het jarelank al die idee in my kop rondgedra om 'n bymekaarkoms te reël vir ons vier beste pelle: Ek (Pottie), Myk Lembisch, Johan (Notties) Nothnagel en Andre Engelbrecht, maar ek het niks daaraan gedoen nie. Toe ek onlangs probeer uitvind het waar my Myk nou is, kry ek net sy skoondogter Tharina Lembisch en sy vrou Hannelie Lembisch op Facebook. Toe Hannelie my vertel dat Myk in 2013 oorlede is aan 'n seldsame breinkanker was ek baie geskok. Sy het ook vertel dat Myk so graag reünie wou hou saam met sy skoolvriende. Ek het gebroke gevoel en was bitter, bitter spyt daaroor. My hart was baie seer. Ek en Myk was destyds sulke groot skoolpelle, en toe na skool het ons geen kontak gehad nie... en elke keer as ek daaraan dink om hom op te soek, het ek dit op die lange baan geskuif. Ek onthou nog soos gister toe Hannelie en Myk mekaar ontmoet het. Hy was so lief vir haar vanaf die eerste oogopslag.

Links van ons het die Dinkelmanns gebly. Hulle het twee dogters en een ouer seun gehad. Ons het altyd lekker saamgespeel, maar ek het eendag per ongeluk die seun se oog met 'n pyp oopgegooi dat die bloed spat. Gelukkig was Ma Gerrie 'n verpleegsuster en het die mediese krisis onder beheer gekry en die situasie gered. Toe Pa en Ma Dinkelmann die middag laat van die werk af kom, speel ons alweer lankal lekker saam.

Regs van ons het Oom Manie Venter gebly, ook met twee dogters en 'n seun. Ons het ook van tyd tot tyd lekker saamgespeel. Daardie dogters was die beste boomklimmers om saam mee te gaan vrugte steel!

Pa Henry het op 'n stadium 'n blou 1957/1958 v8 FORD kar gery met aaneenlopende sitplekke voor en agter, sodat ons vier kinders gemaklik kon inpas. Dit was egter geen waarborg dat daar nie by tye bakleiery was nie. Ons het elke jaar gaan vakansie hou, hetsy by die see (gewoonlik in Margate, want Ma Gerrie kon daar akkomodasie by die Hospitaal Amptenare Vereniging Organisasie se woonstelle bespreek) of in die Kruger Wildtuin chalets. Daar is altyd net gedurende April, Julie of Oktober vakansie gehou want, Desember was altyd familie-kuiertyd. Toe ek en my vrou Cathy 'n paar jaar gelede in Margate was, was ek jammer dat die ou HAVO-woonstelle afgebreek is. In hulle plek staan daar nou 'n massiewe gebou met baie verdiepings (ons noem dit maar vooruitgang).

Dit was altyd baie aangenaam om na die 8mm rolprent-films te kyk wat Pa Henry met baie groot sorg saamgestel het nadat ons van vakansie af teruggekom het. Ons moes dan altyd gou by die oupa's en oma's gaan kuier sodat hulle ook kon sien wat ons tydens die vakansie aangevang het. Almal het dan lekker gelag en die heerlike vakansies weer van voor af geniet en beleef. Toe my ouers albei oorlede is (Pa in 2000, en Ma in 2006), het ek baie seker gemaak dat ek die groot boks met die baie familiefilms behou, saam met die rolprentkamera en projektor.

My doelwit is om teen die middel van 2016 al hierdie ou rolprentfilms te redigeer en om te skakel na een of ander elektroniese formaat soos byvoorbeeld 'n DVD, en dan vir elke broer en suster en hul nageslagte 'n kopie te gee.

Oupa Hendrik en Ouma Pollie het nie 'n grassnyer gehad nie. Eenkeer per maand het ons ons s'n in die kar gelaai om die gras op die plaas Modderfontein, distrik Sundra, te gaan sny. Ek, as oudste kleinkind – en kleinseun – in die familie was maar altyd bietjie bederf en voorgetrek. Dit was altyd baie lekker om, nadat daar gewerk is, die een te wees wat met my Oom Martiens (Boetie) in sy Renault Gordini-motor sulke wye draaie op die plaaswerf in die vars gesnyde gras te jaag en 'broadies te gooi'.


My Oupa Hendrik het 'n algemene handelaarswinkel op sy Modderfontein plaas bedryf. Die winkel se naam was 'Mandlebe Store', Zoeloe vir 'die man met die groot ore'. Oupa Hendrik – die grootoor – het altyd alles geweet wat op die plaas en al die buurplase gebeur het. Ek het daar in die winkel urelank voorraad uitepak en reggepak en ek het myself verbeel dat ek 'n magtige sakeman was wat besigheidstransaksies doen. Min het ek geweet dat ek later jare maar net 'n gewone salaristrekker sou word.

Ten spyte van swaarkry was daar ook die trotse dae. Ek het van vroeg af aktief aan sport deelgeneem. Atletiek en rugby was die gunsteling.



Teen die begin van standerd vier het ek al heel gereeld vir die eerste span rugby gespeel as heelagter (no. 15). Ag dit was so wonderlik! Daar is net niks soos daardie winter Woensdagmiddae se kaalvoet rugbywedstryde nie. Na die wedstryd loop jy deur Brakpan se strate met jou vuil, natgeswete rugbytrui huistoe, en almal wêet dan waar jy gewees het en wat jy gedoen het. In die die middedorp by die 'fish & chips' koop jy vir jou 5c se 'chips' en sit sommer net daar op die sypaadjie in die laatmiddagsonnetjie en eet, tevrede met die lewe. Die reuk van vars 'fish & chips' bring nou nog daardie herinneringe terug, en ek kan nog steeds nie verbyloop nie.

Vir die Potgieter-familie was dit ook vrugbare jare want gedurende hierdie periode het die familie uitgebrei. Eers was dit net ek (gebore 1957) en suster Elise (13 maande later in 1958). Na ses jaar en vier maande kom broer Deon toe in 1965 aan, en suster Anna-Marie weer twee jaar en drie maande later in 1967. Natuurlik was die nuwelinge die 'bybies in die huis' en ek en sus Elise het altyd gedink hulle word gruwelik bederf. Ons vier kinders was darem lekker maats en het altyd saam gespeel.



Wie onthou nog die Skool Spaarklub? Almal moes elke maand twee en 'n half sent skooltoe vat om te leer spaar. Ek het eers baie jare later besef dat ek 'n ekonomiese reus is met my belegging van 85c (plus rente).



Akademies was ek maar baie gemiddeld met rapport uitslae in standerd vier van 71-73%.

(Nee wat, Pottie. 'n B-gemiddeld is bo-gemiddeld.
Redakteur, oud-onnie)

LAERSKOOI KOMMANDO


... 1967

... 1967

Naam	Wetenskap	Engels	Matematika	Wetenskap	Engels	Matematika
1. ...	...	...	...	...	...	...
2. ...	...	...	...	...	...	...
3. ...	...	...	...	...	...	...
4. ...	...	...	...	...	...	...
5. ...	...	...	...	...	...	...
6. ...	...	...	...	...	...	...
7. ...	...	...	...	...	...	...
8. ...	...	...	...	...	...	...
9. ...	...	...	...	...	...	...
10. ...	...	...	...	...	...	...
11. ...	...	...	...	...	...	...
12. ...	...	...	...	...	...	...
13. ...	...	...	...	...	...	...
14. ...	...	...	...	...	...	...
15. ...	...	...	...	...	...	...
16. ...	...	...	...	...	...	...
17. ...	...	...	...	...	...	...
18. ...	...	...	...	...	...	...
19. ...	...	...	...	...	...	...
20. ...	...	...	...	...	...	...
21. ...	...	...	...	...	...	...
22. ...	...	...	...	...	...	...
23. ...	...	...	...	...	...	...
24. ...	...	...	...	...	...	...
25. ...	...	...	...	...	...	...
26. ...	...	...	...	...	...	...
27. ...	...	...	...	...	...	...
28. ...	...	...	...	...	...	...
29. ...	...	...	...	...	...	...
30. ...	...	...	...	...	...	...
31. ...	...	...	...	...	...	...
32. ...	...	...	...	...	...	...
33. ...	...	...	...	...	...	...
34. ...	...	...	...	...	...	...
35. ...	...	...	...	...	...	...
36. ...	...	...	...	...	...	...
37. ...	...	...	...	...	...	...
38. ...	...	...	...	...	...	...
39. ...	...	...	...	...	...	...
40. ...	...	...	...	...	...	...
41. ...	...	...	...	...	...	...
42. ...	...	...	...	...	...	...
43. ...	...	...	...	...	...	...
44. ...	...	...	...	...	...	...
45. ...	...	...	...	...	...	...
46. ...	...	...	...	...	...	...
47. ...	...	...	...	...	...	...
48. ...	...	...	...	...	...	...
49. ...	...	...	...	...	...	...
50. ...	...	...	...	...	...	...
51. ...	...	...	...	...	...	...
52. ...	...	...	...	...	...	...
53. ...	...	...	...	...	...	...
54. ...	...	...	...	...	...	...
55. ...	...	...	...	...	...	...
56. ...	...	...	...	...	...	...
57. ...	...	...	...	...	...	...
58. ...	...	...	...	...	...	...
59. ...	...	...	...	...	...	...
60. ...	...	...	...	...	...	...
61. ...	...	...	...	...	...	...
62. ...	...	...	...	...	...	...
63. ...	...	...	...	...	...	...
64. ...	...	...	...	...	...	...
65. ...	...	...	...	...	...	...
66. ...	...	...	...	...	...	...
67. ...	...	...	...	...	...	...
68. ...	...	...	...	...	...	...
69. ...	...	...	...	...	...	...
70. ...	...	...	...	...	...	...
71. ...	...	...	...	...	...	...
72. ...	...	...	...	...	...	...
73. ...	...	...	...	...	...	...
74. ...	...	...	...	...	...	...
75. ...	...	...	...	...	...	...
76. ...	...	...	...	...	...	...
77. ...	...	...	...	...	...	...
78. ...	...	...	...	...	...	...
79. ...	...	...	...	...	...	...
80. ...	...	...	...	...	...	...
81. ...	...	...	...	...	...	...
82. ...	...	...	...	...	...	...
83. ...	...	...	...	...	...	...
84. ...	...	...	...	...	...	...
85. ...	...	...	...	...	...	...
86. ...	...	...	...	...	...	...
87. ...	...	...	...	...	...	...
88. ...	...	...	...	...	...	...
89. ...	...	...	...	...	...	...
90. ...	...	...	...	...	...	...
91. ...	...	...	...	...	...	...
92. ...	...	...	...	...	...	...
93. ...	...	...	...	...	...	...
94. ...	...	...	...	...	...	...
95. ...	...	...	...	...	...	...
96. ...	...	...	...	...	...	...
97. ...	...	...	...	...	...	...
98. ...	...	...	...	...	...	...
99. ...	...	...	...	...	...	...
100. ...	...	...	...	...	...	...



Die tent is van ons standerd vier toer na Pienaarsrivier, Noord-Transvaal, se Landsdienskamp. Dit was daardie dae ongehoord om nie aan die Landsdiensbeweging of Voortrekkers (of altwee!) te behoort nie. Dit was so heerlik om nuwe vaardighede en stokperdjies (soos rottangwerk en modelbou) aan te leer.



Sondae was uitsluitlik vir Kerk en familie gereserveer, en dit was geheel en al onaanvaarbaar om Sondagskool te mis. In daardie dae het daar nog nie 'n ding soos Sondag inkopies by een of ander winkelsentrum bestaan nie.

Daardie dae was inryflik belangrike familievermaak vir die Potgieters. Wanneer jy gesien het dat jou pa vroeg op 'n Saterdagmiddag die motorkar was en skoonmaak, dan het jy geweet dat dit vanaand sulke tyd is. Vir populêre flieks soos "Die Geheim van Nantes" en "Liefling" moes ons selfs 16h00 met die kar al toustaan om plek te kry vir die vertoning wat eers om 19h00 begin het. Dit was geen probleem nie, want Ma Gerrie het altyd die heerlikste hamburgers uit die piekniekmandjie gehaal om ons besig te hou.

In standerd een (in 1966 na my negende verjaarsdag) het ek genoeg geld gehad om 'n bees by my Oupa Hendrik te koop, met die ooreenkoms dat Oupa die bees sal versorg en grootmaak en dat die bees gratis op die plaas Modderfontein mag wei. Ek het nog nooit weer in my lewe so 'n goeie transaksie beding nie, want 'n jaar later, in

1967 met my 10de verjaarsdag, het ons die bees verkoop vir 'n volle sewe Rand. Magties maar dit was darem maar lekker om na die transaksie so 'n stywe bankbalans te hê!

Van die belangrikste geskiedkundige gebeurtenisse het ook daardie jare plaasgevind, soos bv die Maanlanding in Julie 1969. Ek onthou nog hoe ek en Pa Henry met ons transistor radio geluister het toe die maanlandingstuig agter die maan op die wentelbaan ingegaan het en niemand geweet het of dit weer aan die anderkant sou uitkom nie. My plakboek van daardie tyd is nou nog vir my baie spesiaal.

Perderesies was 'n baie groot sport en tydverdryf in daardie dae. Vir ons gesin was dit besonder belangrik, want Oupa Hendrik was 'n resiesperdteler van formaat. Elke jaar met die eerste naweek in Julie was dit die Durban July perdewedren. Dit was 'n hele gedoente, want dan het oud en jonk (grootmense en kinders) die geleentheid gehad om 'n paar sente of rande op die perde te verwed. Toe ek in standerd twee was (1967), het Oupa Hendrik en Pa Henry geld verwed op 'n perd met die naam van "Sea Cottage" wat daardie dag gewen het teen alle verwagtinge in. Hulle het letterlik sakke vol geld gewen! Toe hulle by die huis aankom het hulle geld uit elke sak van hulle klere, onder hulle hoede, uit hulle kouse en hulle skoene gehaal. Ek het 'n treinstel as geskenk gekry wat ek nou nog in perfekte toestand besit, en suster Elise het 'n massiewe groot teddiebeer vir haar slaapkamer gekry. Ons was oorweldig, want ons het nog nooit so baie geld bymekaar op die kombuistafel gesien nie. Na die baie arm jare van eenvoud was dit 'n groot verligting en ons kans om in die lewe vooruit te gaan.

Volgende keer vertel ek meer oor my hoërskooljare en daarna. Kyk maar weer oor 'n jaar: my plek aan die einde van ons publikasie is klaar geboek! So kry ek Storiëwa-vir-Storiëwa my lewensgeskiedenis vir my kleinkinders neergeskryf.



Sperdatum vir ons volgende Storiëwa

1 Oktober 2016

Julle kan solank julle stories begin instuur!
Lekker navors!

